**17 Januarie**
**Skrifgedeelte: Levitikus 1:1-17**
**Fokusgedeelte: Levitikus 1:1-9**

## Volle oorgawe is jou offer voor God

In kern gaan die boek Levitikus oor die verhouding tussen God en mens. Jou verhouding met God is ook die kern van die mens se lewe. Die Here leer deur die offers sy volk leer hoe om in 'n verhouding van oorgawe met Hom, die heilige God, te lewe.

Levitikus 1 handel oor *brandoffers*. God bring hierdie offer binne die bereik van elke mens, ryk of arm. Die rykes kon 'n bul as offer bekostig, ander miskien net 'n skaapram, en die armstes net 'n tortelduif. Telkens moes die dier volmaak wees, sonder enige gebrek. Die offerdier is in sy geheel op die altaar verbrand. Met hierdie offers het die offeraar uitdrukking gegee aan sy verbintenis met die heilige God. In hierdie verhouding wil hy hom opnuut *met volle oorgawe* en met toewyding aan die Here onderwerp. So volledig as wat die dier geoffer is, so volledig wil hy sy hele lewe met volle oorgawe prysgee aan die Here, in gehoorsaamheid en toewyding. Hy wil nie 'n gebrekkige oorgawe maak nie, soos wat die offerdier ook sonder gebrek was.

Ons offer egter vandag nie meer soos in die Ou-Testamentiese tyd nie. Ons glo Christus het Homself as volmaakte offer vir ons sondes geoffer. Tog leer die Nuwe Testament dat ons steeds moet offer – nie meer met diere nie, maar met ons eie hele lewe. Die Here vra steeds, veral noudat Christus vir ons gesterf het – volkome oorgawe aan Hom. So leer Christus byvoorbeeld in Markus 12:30 dat ons die Here moet liefhê met ons hele hart, hele siel, hele verstand, en met al ons krag.

Dit is 'n *duur offer*. Soos wat die Israeliet moes voel dat hy die duurste na sy vermoë gee met 'n bul of wat hy kan bekostig – so moet ons alles gee! Christus het vir ons alles gegee tot in die dood, daarom vra Hy ook alles. Wie Hom werklik liefhet, bring sy offer met liefde. Halfhartige oorgawe is om lou te wees – was jy maar warm of koud. Ons leef mos in 'n tyd dat die mens net wil ontvang, en nie wil offer nie. Waarin gaan jy vandag voel dat jy alles aan die Here gee?

Sing: Psalm 40:4

Ds HJ Briel (Petrusburg/Boshof)